# Onthou is die dag wat breek

’n Digterlike huldigingsbundel ter ere van Lina Spies



Alwyn Roux en Neil Cochrane

samestellers en redakteurs

naledi

Jaco Barnard-Naudé

# 'n Sterfdatum-klaaglied vir Cathy

*Auden-verskrywing*

Jou polshorlosie is nou in stilstand, soveel WhatsApps is nie gelees,
Moonlight Sonata miaau ontroosbaar in jou Woodstock-flat, verwees,

jou staanklavier kyk doofstom toe, daar is ook geen getemperde trom,
maar ons sal die treurmars van jou kis begelei, die rouklaers sal kom.

Ongevraagde Mavericks-vliegtuie klaaglik oorboord
sou nou die boodskap kras in die lug skryf: "Sy is dood."

Iets só platvloers sou by jou bloot 'n verbysterde lag uitlok,
die oormaat vibrato in jou mezzo sou sê, jy is effe geskok

en 'n kreuklint om die brose grys nek van 'n stadsduif is 'n gebaar
wat jy beslis nie sou beskou as 'n seker liefdesteken nie, sowaar.

Jy het ver noord gereis, suid gebly, gewys na die ooste, wes geleef,
meer as jou plig vir die werksweek gedoen, maar na Sondag gestreef.

Daar was stralende middae, swart middernagte, fel gesprek, bo alles sang;
so ewig as wat dit alles geskyn het, die willekeurige klok beier ook sy klang.

Waarvoor ons nou wens is dat sterre wat onder ons waak nie uitdoof, nie één,
die maan wat haar glans nooit wegpak nie, omdat daardie soort son ween,

by verworwe gebrek is ons trane die see en vlamme sal jou nie verpletter;
aards is jou pleit: réd skrapse goedheid, laat dít liewer wees – en kwetter.